

Kategeet werkblad: 31 Oktober 2010

Teksgedeelte:

Jesaja 8:23-9:20

Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)

Die Here bring uitkoms vir die gebiede waarna hier verwys word. Die donkerte en benoudheid gaan oor koning Tiglat-Pileser III van Assirië se veldtog in 732 v.C. toe hy Israel verower het. Dit was toe Juda onder sy vlerk gaan skuil het. In ruil daarvoor het Juda duur betaal. Net Assirië het by die tribuut (belasting) gebaat wat Juda betaal het. Hulle het dit aangewend om hulle weermag te versterk met die oog om volgende veldtogte. In hierdie donker tyd is daar danksy die Here uitkoms in vooruitsig.

Die *lig in die donkerte* gaan oor die verligting wat Juda ervaar het in 714-711 v.C. en weer in 705 v.C. toe daar onrus en opstand in die Assiriese ryk uitgebreek het. Assirië was toe so besig om orde in sy eie ryk te herstel dat hy nie soldate kon stuur om die tribuut in te samel nie. Al die gebiede anderkant die Eufraat het toe 'n bietjie asem geskep.

Die 'geboorte' van Hiskia vind volgens Jesaja plaas wanneer hy die troon bestyg. Hy word as *wonderbare raadsman* beskryf omdat hy sy hulp en raad by die Here gesoek het (Jes 37:1-7). Sy pa Agas daarenteen het hom tot aardse raadgewers gewend en nie geluister toe die Here Jesaja na hom toe gestuur het nie. Hiskia word ook as *verskriklike sterke god* beskryf. Net hier en in Psalm 45:6-7 word na die koning as die seun van God verwys.

Dit het weer donker geword omdat die volk nie God se teenwoordigheid wou erken nie, hulle het God verduister.

Verwagte uitkoms:

God is teenwoordig, ons hoef Hom nie teenwoordig te maak nie, maar soms verduister ons aksies God se teenwoordigheid soos die as van 'n vulkaan wat die son kan verduister.

Aksie:

Die groot groep van die Graad 4-9's verdeel in 4 groepe.

Hulle speel "Look before you leap" op Buzz The Big Quiz (Playstation 2) teen mekaar.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit

te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Noem 'n ander speletjie/s waar mens nie die volle prentjie het nie en dan moet uitvind wat dit is [Pictionary]

Hart vrae:

- Wat was vir jou lekker/sleg van die speletjie?
- Wie in jou groep of in die ander groepe het soos jy gevoel met die speletjie?

Skoppens vrae:

- Hoe is hierdie speletjie soos wat daar in Jesaja 9 geskryf word oor die volk?
- Wat is die lig wat God aan die volk gebring het?
- Wat is die lig wat God aan ons gebring het? [Christus en verlossing in God, ons hoef nie meer in die duisternis te leef nie]

Klawers vraag:

- Wat is die goed wat ons doen wat maak dat God minder sigbaar word vir ander mense [om nie genade en liefde te deel nie, as ons verhoudings afbreek]